Publication: RekordCenturion (Main)
Publication Date: 11 Aug 2017
Page: 18

AVE: 21642.32
Circulation: 60100
Part: 1 of 1

Johnny Reitz Big Five lok weer Suid-Afrika se beste stoeiers

Koos Venter

Die Johnny Reitz Big Five Stoeitoernooi is na baie jare steeds een van die grootstes vir amateurstoeiers van alle ouderdomme in Suid-Afrika.

Die afgelope naweek was geen uitsondering nie en die Rembrandt-saal op Tukkies se sportkampus was van vroeg Saterdagoggend reeds volgepak met die room van Suid-Afrika se stoeigemeenskap, wat van regoor die land ingeskryf het vir dié besonderse toernooi.

Hoewel die meeste gevegte soos gewoonlik in die Vrystyl-afdeling plaasgevind het, was daar ook gevegte in die Grieks-Romeinse-styl.

Die toernooi is jaarliks een van die groot gebeure op die stoeikalender van Noord-Gauteng Stoei, wat vir die aanbieding daarvan verantwoordelik is.

Sowat 480 stoeiers van alle ouderdomme en afkomstig uit 45 klubs vanoor die hele land het Saterdag na Pretoria opgeruk vir hierdie toernooi.

Ses stoeimatte is in dié sportsaal by Tukkies beskikbaar gestel vir die aksie en dit verg dus fyn beplanning en goeie organisasie om die toernooi seepglad te laat verloop, want daar het byna regdeur die dag ses stoeigevegte gelyktydig plaasgevind.

Soos die naam van die toernooi aandui, kry al die presteerders by die Johnny Reitz Big Five-toernooi 'n medalje met die afbeelding van een van Suid-Afrika se Groot Vyf wildsoorte agterop.

Vanjaar het die luiperd aan die beurt gekom. Weens die status van hierdie toernooi bly dit uiteraard die droom van elke stoeier om 'n volledige stel medaljes met al vyf die wildsoorte agterop te versamel.

Daarvoor moet 'n stoeier dus vyf jaar agtereenvolgens presteer.

Amateurstoei groei ook deesdae besonder snel as voorkeursport onder meisies en jong vroue. Die Johnny Reitz Big Five is geen uitsondering wat hierdie tendens betref nie en elke jaar neem meer meisies deel aan die aksie.

Met die klem op vroue in Augustusmaand in Suid-Afrika het Noord-Gauteng Stoei besluit om vanjaar ook aan die vroue in Suid-Afrikaanse stoeigeledere hulde te bring tydens die Johnny Reitz Big Five-toernooi.

Die openingseremonie by Saterdag se toernooi is dus volledig deur vroue waargeneem.

Jesse Hinrichsen (links) was een van die o.8-meisies wat seuns-opponente aangedurf het by die Johnny Reiz Big Five-toernooi. Sy het baie harte gewen met haar durf op die mat. Hier is sy in aksie teen Ruan Bester.

Een van die interessante verskynsels wat gepaard gaan met die groeiende vrouegetalle in stoei is die feit dat gevegte tussen seuns en meisies tot op die ouderdom van agt jaar wel plaasvind.

Daar is wetenskaplik bewys dat seuns en meisies se fisieke ontwikkeling tot in daardie stadium baie dieselfde is en daarom kan hulle op gelyke voet meeding.

Dit was dus nie vreemd nie om by die Johnny Reitz Big Five-toernooi ook jong meisies te sien wat hul teenstanders van die teenoorgestelde geslag harde bene laat kou op die stoeimat.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.